SPORT

MINI-KRIEKET

Mini-Krieket is 'n sportsoort wat vir die Graad R - 2 (o/6 - o/8) seuns aangebied word. Wedstryde vind op Vrydae en Saterdae plaas. Ons maak gebruik van gekwalifiseerde afrigters wat die spanne afrig en ook betrokke is by die wedstryde. Die leerders oefen van Maandae tot Vrydae. Die o/6 leerders oefen tydens skooltyd in die oggende en die o/7 en o/8 leerders oefen direk na skool van 13:20 - 14:00. Mini-Krieket loop hand aan hand met die Krieket Akademie.

Leerders word vanaf Graad R blootgestel aan die harde bal krieket en in Graad 2 begin hulle met volwaardige krieketwedstryde. Ons hoogtepunt is die dag en nag wedstryde wat op Vrydae gespeel word.

DOEL VAN MINI-KRIEKET

Leerders word blootgestel aan al die nodige vaardighede van krieket (boul-, kolf- en veldwerk) en speel reeds van Graad R af met volledige toerusting. Leerders word blootgestel aan die harde bal Krieket van o/6 af. Ons ontwikkel die nodige vaardighede in o/6 en o/7 ter voorbereiding vir o/8 volblad krieket. Wanneer leerders hul mini-krieket loopbane voltooi is hul volwaardig toegerus met die nodige vaardighede. Ons leer die leerders om op vollengte blaaie te boul, om die bal met die regte tegniek te slaan en ook om die bal in die veld reg te keer en te vang.

HOEKOM AAN MINI-KRIEKET DEELNEEM?

Mini-Krieket is 'n sinvolle spanbou aktiwiteit vir die leerders. Die leerders geniet dit om saam met hulle spanmaats deel te neem aan 'n spansport. Dis 'n lekker aktiwiteit waar die leerders hulle talente kan uitleef. Leerders leer selfdissipline en deursettingsvermoë aan.

SPORT

KRIEKET

Krieket is ‘n sportsoort wat aangebied word vanaf o/9 tot o/13. Laerskool Elarduspark neem deel aan Suid-Oos A-1 Liga o/9 - o/13 en ook die Super 12- Kompetisie vir o/11 en o/13 gedurende die Junie/Julie skoolvakansie. Toere vir ander spanne word ook beplan.

Daar is verskeie fasiliteite beskikbaar waarvan die spelers gebruik maak. Daar is 6 krieketnette waar oefening meestal plaasvind, waarvan twee toe nette is waar boulmasjiene gebruik word.

DOEL VAN KRIEKET

Laerskool Elarduspark se doel met elke krieketspeler is om hom/haar so toe te rus dat hy/sy gebalanseerd die samelewing kan betree. Massa-deelname is belangrik en suiwer aanmoediging is die manier waarop ons dit bereik. Laerskool Elarduspark is ‘n trotse voorganger van uitmuntende sportmangees en ons kweek dit reeds van ‘n vroeë ouderdom by die spelers. Spelers dra die blou van Laerskool Elarduspark met trots!

HOEKOM AAN KRIEKET DEELNEEM?

Krieket leer nie net vir leerders waardevolle lewenslesse nie, maar verbeter hand-oog koördinasie en gesonde liggaamlike ontwikkeling. Leerders leer om uit te hou en aan te hou en nooit moed op te gee nie. Selfdissipline, goeie sportmanskap en pligsgetrouheid word ook deur leerders aangeleer.

LARDIE KRIEKET AKADEMIE

Die Krieket Akademie van die skool word deur ‘n privaat maatskappy bedryf, maar loop hand aan hand met die skool se Krieket. Die skool met sy onderwysers is nogsteeds ten volle verantwoordelik vir die skool se krieket, maar van die spanne gaan hulp ontvang vanaf die akademie-afrigters.

TOOT TOOT!!